Eisprosedure

Neem asseblief kennis van die volgende prosedures en vereistes wat gevolg moet word in die geval van 'n eis:

A) PROSEDURES:

1. Die versekerde moet Wildswinkel Versekering Makelaars in kennis stel via telefoon of e-pos binne 48 uur na die bewuswording van die sterfte van die versekerde dier. E-pos: claims@wildswinkelversekering.co.za
2. Die versekerde moet fotos neem van die karkas soos gevind in die veld wat duidelik die suksesvolle identifikasie van die versekerde dier aandui.
3. Die versekerde sal onmiddellik reël dat 'n gekwalifiseerde wild veearts 'n nadoodse ondersoek op die versekerde dier doen.
4. Die versekerde moet alle redelike moontlike stappe neem om die karkas in 'n koelkamer te hou tot die veearts die saak kan hanteer.
5. Die versekerde moet skriftelike toestemming kry vanaf Wildswinkel Versekering Makelaars om die karkas te vernietig na die nadoodse ondersoek uitgevoer is.
6. Die versekerde moet binne 48 uur na bewuswording van die sterfte van die versekerde dier, die amptelike Eisvorm voltooi en saam met foto's van die karkas aan Wildswinkel Versekering Makelaars e-pos.
7. Die versekerde moet onmiddellik na die ontvangs van die nadoodse ondersoek verslag dit aan Wildswinkel Versekering Makelaars stuur via e-pos.

B) VEREISTES:

1. Voltooide eisvorm
2. Nadoodse ondersoek verslag
3. Bloed smeer monster indien nodig
4. Fotos van die karkas was identiteit bewys
5. Bevestiging van mikroskyf of oorplaatjie nommer
6. Oorspronklikke veearts sertifikaat van gesondheid
7. Aankoopsfaktuur indien nodig

C) ONMIDDELLIKE REPUDIASIES:

1. Wanbetaling van polispremie
2. Geen karkas
3. Geen identifikasie op karkas (Mikroskyfie, oorplaatjie of DNA)
4. Geen nadoodse ondersoek verslag

This insurance policy is underwritten by Centriq Insurance Company Limited.
Centriq Insurance Company Limited is an authorised financial services provider, FSP No. 3417.
Wildswinkel Versekering Makelaars is an authorized financial services provider, FSP No. 47908.

D) ALGEMENE VOORWAARDES:

1. Geen eis sal betaalbaar wees na vervaldatum soos gestipuleer op Polisskedule.
2. Wildswinkel Versekering Makelaars behou die reg om die karkas te verskuif na Onderstepoort of enige ander fasiliteit vir verdere toetse.
3. Wildswinkel Versekering Makelaars behou die reg om 'n assessor aan te stel om die eis te ondersoek.
4. Die versekerde moet volle samewerking gee deur om volle toegang na die eiendom te gee aan die aangestelde assessor.
5. Versuiming deur die versekerde om aan die bogenoemde te voldoen mag tot gevolg hê dat Wildswinkel Versekering Makelaars die eis nietig verklaar.
6. In die geval van 'n eis wat verwerp is, het die versekerde die reg tot appél.
7. Indien die versekerde enige eis indien, wetende dat dit vals of bedrieglik ten opsigte van die versekerde dier, bedrag of andersins is, sal hierdie versekering nietig verklaar word en alle eise hieronder sal verbeur word. Alle premies of betalings deur die Versekerde sal ook verbeur word. Enige betaling deur die Versekeraar aan die Versekerde sal deur die Versekerde aan die Versekeraar terugbetaal word. Die Versekerde sal aanspreeklik wees vir kostes van 'n prokureur – en eie –kliënt skaal indien die Versekeraar regstappe neem teen die Versekerde.

E) SKIKKING VAN EIS

1. Om 'n eis te skik moet die Versekerde die Ooreenkoms van Verlies dokument voltooi en onderteken waar bankbesonderhede verklaar word vir elektroniese oordrag van fondse.

F) JURISDIKSIE

1. Dit word hiermee ooreengekom dat hierdie versekering deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika gereguleer sal word.

G) ARBITRASIE

1. In die geval waar die versekerde se eis, of 'n gedeelte daarvan gerepudieer word, moet die versekerde die versekeraar binne negentig (90) dae na die versekeraar se kennis, repudiasie of aanbod, voorleggings aan die versekeraar maak, ten opsigte van die repudiasie of aanbod.
2. Waar die dispuut nie opgelos kan word in die tydperk, soos per paragraaf G1 nie, moet die versekerde die geskil binne dertig (30) kalenderdae na arbitrasie ingevolge die Arbitrasie Wet 42 van 1965 (soos gewysig) verwys word.
3. Die versekeraar sal 'n onafhanklike arbiter aanstel, welke arbiter 'n senior advokaat moet wees. Die reëls van AFSA (Arbitration Foundation of Southern Africa) sal van toepassing wees op die Arbitrasies welke reëls hierby geïnkorporeer word deur verwysing.

4. Die arbiter se bevindinge sal finaal en bindend wees op beide die versekeraar en versekerde.
5. Die Arbiter sal volle diskresie hê om aanspreekliheid vir kostes te bepaal, welke kostes is die versekeraar op 'n prokureur-eie-kliënt-skaal kan eis.
6. Die Arbitrasie sal gehou word in Gauteng.
7. Hierdie paragraaf G plaas nie 'n verbod op beide die versekeraar of versekerde om 'n Hoë Hof wat jurisdiksie het te nader waar dringende regshulp gevra word nie.

H) STATUTERE INSTANSIES

1. Besonderhede van Korttermyn Versekerings Ombudsman wat beskikbaar is om te adviseer in geval van eise wat nie tot u bevrediging deur die administreerder en/of Versekeraar opgelos is nie.

   Posadres: PO Box 32334, Braamfontein, 2107
   Telefoon nommer: (011) 726 8900
   Faks nommer: (011) 726 5501
   Webtuiste: www.osti.co.za

2. Besonderhede van FAIS Ombudsman

   Telefoon nommer: (012) 470 9080
   Faks nommer: (012) 348 3447
   Webtuiste: www.faisombud.co.za